NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

9 November 2018
Nr 37/2018

Warm nuus!

Proponente van UP wat op 8 November by NG Universiteitsoord gelegitimeer is

Stian Bloem [083 443 5993, stianab@gmail.com]
Freddie de Lange [freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Marco Koch [073 428 2709, marco2koch@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Willem Smit [084 281 1115, wilansmit@gmail.com]
Lourens van Deventer [072 040 7378, lourensvd3@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

SKDBM nuus

Op versoek van die SKDBM Direksie plaas ons 'n uittreksel uit hulle jaarverslag, waarin lesers kennis kan neem van die doen en late van die instansie.
Die SKDB Maatskappy (SKDBM) is 'n bestuurs- en koördinerende instansie van die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk se organisasies vir kerklike maatskaplike dienste in die gebied van die Noordelike Sinode. [Lees **hier** meer…]

Missionaliteit in die NG Kerk

Tydens die afgelope Sinodale Diensraad (SDR) het **Lourens Bosman** (Algemene Bestuurder van die Algemene Sinode) 'n aanbidding kom doen oor die **Missionaliteit in die NG Kerk**. [Lees die volledige aanbieding **hier**].

Sinodenuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
*__12 November__ – Skriflesing: Hebr 10:11-25
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ SDR vergaderdatums 2019

- 22 Februarie
- 19 Julie
- 1 November

❖ Sinodale werk

'n Vriendelike versoek aan predikante en ander persone betrokke by sinodale werk om asseblief so spoedig moontlik na 'n vergadering vir reiskoste by *Sandra* [sandra@noordsin.co.za] of *Naomi* [naomi@noordsin.co.za] te eis. Eise sal ongelukkig nie ná die finansiële jaarafsluiting op **28 Febr 2019** gehanteer kan word nie.

❖ Eerstejaarskampe 2019:

Universiteitsoord

Alle **voornemende Tukkie-studente** neem asseblief kennis van die kamp : **21-25 Januarie 2019**.
Vir enige verdere inligting asook die inskrywingsvorm: Besoek www.universiteitsoord.co.za.

PUK Kandelaar

Raak deel van die Kandelaar familie!
Datum: **8-11 Januarie 2019**
Plek: Lagayim Kampterrien
Navrae: Ursula – 079 494 7999
Bespreek aanlyn: www.ngpukkandelaar.co.za

Studentekerk Bloemfontein

Kougom is 'n eerstejaarskamp vir student wat in Bloemfontein gaan studeer.
"*Kougom is die Welkom bordjie net voordat jy indraai by die groot, nuwe onbekende…*"
Datum: **20-14 Januarie 2019**
Om meer uit te vind, in te skryf of om foto's oor vorige kampe te sien besoek: www.kougom.studentekerk.org.

Kolleganuus

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:*

11/11 Jan Cronje [Emeritus, 083 625 1820, jancronje11@gmail.com]
12/11 Theuns Kriek [Warmbad-Wes, 083 273 9386, trkriek@lantic.net]
Nico Behr [Emeritus, 082 335 4780, nicobehr@iafrica.com]
14/11 Adriaan van Niekerk [Emeritus, 083 450 2501]
15/11 James Kirkpatrick [Suidoos-Pretoria, 082 852 7947, james@stellastraat.co.za]
Nelius Steyn [Wonderboom, 082 890 8820, neliussteyn@gmail.com]

****

12/11 Hannalie Kriek [Warmbad-Wes, 014-736 2730, trkriek@lantic.net]
13/11 Peet Krüger [Florauna, 082 692 2035, kruger@ngkflorauna.co.za]
14/11 Liesl Myburgh [Noordoos-Pretoria, 061 988 5948, jacquesmyburgh.jm@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Haakdoorn [Gestig: 12/11/1976]
Koedoesrand [Gestig: 13/11/1943]

Eloffsdal [Gestig: 13/11/1908]
Magalieskruin [Gestig: 15/11/1979]
Rustenburg-Bergsig [Gestig: 16/11/1967]
Lynnwood [Gestig: 16/11/1961]
Rustenburg-Wes [Gestig: 16/11/1946]

❖ **Mootvallei**: *Met ander woorde* **deur Lizz Meiring** - Voorvertoning: Mootvallei kunstenaars
- *Met ander woorde* is 'n slimsnaakse, energieke, warmhartige, vermaaklike, verbeeldingryke en oorspronklike nuwe eenvrouvertoning deur die bekroonde aktrise, skrywer en regisser, Lizz Meiring.

Datum: ***23 November***
Koste: R120 [dit sluit die vertoning plus ligte verversings/ete in] – R60 vir kinders onder 13 en bo 8
Navrae: Kerkkantoor 012-335 0611

❖ **Rustenburg-Proteapark**: **vakature – Jeugwerker**
NG Proteapark is opsoek na 'n energieke en dinamiese persoon wat saam met die Kerkraad nuut kan dink en die Jeugbediening kan lei en ontwikkel.
Opsomming van posbeskrywing: Die oorhoofse doel van die pos is om behulpsaam te wees met die totale geestelike versorging en bediening van die jeug om NG Proteapark se visie te help realiseer. Die pos werk in samewerking met en ter ondersteuning van die jeugleraar. Daar word van die posisie verwag om by alle aspekte van die geestelike bediening van die jeug en aksies vir die jeug betrokke te raak, bydrae te lewer en behulpsaam te wees. Onder jeug verstaan ons die kleuters, kinders en tieners van ons gemeente.
- Volledige posbeskrywing beskikbaar op aanvraag.
- Aansoeke kan gestuur word na ngppark@mweb.co.za
- Vir meer inligting kontak Ds *Deon Strauss* by 014 533 4028 / 083 627 5085.

Sluitingsdatum vir aansoeke: ***23 November***

Ander nuus

❖ **Boekbekendstelling**
Willem Nicol se nuwe boek "*GENOOI OM TE VOLG. Ervaar die lewe van die **aardse** Jesus."*
Neels Jackson, redakteur van *Die Kerkbode, gesels met die skrywer tydens hierdie geleentheid op* Woensdagaand ***14 November*** om 19:00 by Stellastraatgemeente, Stellastraat 158, Waterkloof, Pretoria.
Dis 'n bottel- en bord-aand, maar wyn word voorsien. (Bring jou eie eetgoed en enige ander drinkgoed.)

❖ **Excelsus uitnodiging**: **Eendag-werkswinkel**
Aangebied deur *Dr Henry Eagleton* in samewerking met Excelsus. Die beste strategie om 2019 slaggereed en energiek te betree:
Tema: ***Sweef soos 'n arend*: Inleiding tot spirituele wysheid/intelligensie**
Datum: ***22 November*** *(*9:00-16:00)
Waar: NG Kerk Stellastraat (Suidoos-Pretoria), H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof
Koste: R 780-00 per persoon (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)
VBO: 6 punte
RSVP: Voor of op Maandag *19 November* (**Kliek hier** vir die inskrywingsvorm)

❖ **Vir aandag van gemeentes: Teologiese student vra ondersteuning**
Kobus Myburgh, hoof van die Kerkeie Opleiding (NG Kerk), gee die volgende versoek deur: "Ons het 'n student wat volgende jaar haar prakties by *Tshwane Leadership Foundation* gaan doen. Sy het daarvoor borge nodig. Ek wil vra of ons dalk die inligtingsbrief in die Verskil kan plaas om gemeentes te vra om haar te borg." [Lees die inligtingsbrief hier…]

❖ **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)**
Arina Jooste (Uitvoerende beampte) doen hiermee 'n spesiale beroep aan ons dameslesers om betrokke te raak by die insituut se vele projekte om so 'n verskil in minderbevoorregte kinders se lewe te maak. [**Lees hier verder**…]
Navrae: tel 012 362 0660 of toibo@imaginet.co.za.

- **Nuusbriewe**

Bybel-Media-nuus

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus

CLF is bly om julle in kennis te stel dat die **Hosannas** – '*Woorde alleen*' sowel as die '*Sofa tonics*' - nou beskikbaar is. Om te bestel, stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za of koop dit aanlyn by www.clf.co.za

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Plekke in ons sinodale gebied waar dit steeds baie droog is.
- Proponente wat pas gelegitimeer is.
- Almal wat tans eksamen skryf.

Proponente en ander vakatures

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
    Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]

  - **Gelegitimeerde proponente 2017**
    Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
    Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma [082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]
  Jan Cloete [083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]
  Bertus Olivier [082 224 6242, oli4@axxess.co.za]

Ten slotte

Die einde-van-die jaar-sindroom…

BYLAES

Ondersteuning van student:
Aandag Gemeentes

Kobus Myburgh, hoof van die Kerkeie Opleiding (NG Kerk), gee die volgende versoek deur: “Ons het 'n student wat volgende jaar haar prakties by Tshwane Leadership Foundation gaan doen. Sy het daarvoor borge nodig. Ek wil vra of ons dalk die inligtingsbrief in die verskil kan plaas om gemeentes te vra om haar te borg.”

TSHWANE LEADERSHIP FOUNDATION

Working with Churches and Communities for Urban Transformation

STRENGTHENING LEADERSHIP AND RESOURCES FOR

WOMEN & GIRLS IN CRISIS

CHILD PROTECTION AND DEVELOPMENT

HOMELESSNESS

HEALTH DEVELOPMENT

COMMUNITY DEVELOPMENT

ECONOMIC DEVELOPMENT

URBAN MINISTRY FORMATION

ADVOCACY

DIRECTORS:

WILNA DE BEER (CEO)

TINUS NIENABER (CHAIRPERSON)

JOEL MAYEPHU

LUKAS VAN DER MERWE

FLORINCE NORRIS

PETER MARUPING

OCTAVIA EPHRAIM

DON MCDOUGALL

THE JUBILEE CENTRE
288 BURGERSPARK LANE
PRETORIA-CENTRAL

P O BOX 11047
THE TRAM SHED
PRETORIA
0126

TEL: (012) 320 2123
FAX: (086) 679 9239
info@tlf.org.za
www.tlf.org.za

NPO no. 028-040-NPO

Reg. No. 2013 / 034434 / 08

PBO No: 930 045 091

ESTABLISHED IN 1993 AS PRETORIA COMMUNITY MINISTRIES

18 October 2018

To whom it may concern

RE: Church Practical Year of Mari Suzanne (Marietjie) Bergh, 2019

The Tshwane Leadership Foundation (TLF) and the Dutch Reformed Church Curatorium entered into an agreement for theology students to do their church practical year at TLF.

Marietjie is currently a final year theology student at the University of Pretoria (UP) within the Dutch Reformed Church. She will be doing her church practical year at TLF from 14 January to 30 November 2019.

TLF is an ecumenical, faith-based organisation, seeking to holistically support vulnerable communities within the inner city of Pretoria. We support through providing access to long-term solutions through skills training, job preparation, food-parcel and toiletry support, gaining access to social housing and receiving psycho-social support. Furthermore, we have residential care facilities for women and their young children in crisis, people with psycho-social disabilities, a foster care facility for girls under 18 years and a hospice for vulnerable people.

As TLF is a faith-based organisation, we have a strong focus on the spiritual care and growth of our community with a spirituality committee responsible for this. Marietjie will participate in the daily life of TLF and specifically with the spirituality committee. The daily work and duties of Marietjie will be expanded in collaboration with the Curatorium closer to the end of the year.

The Curatorium requires that the students receive a minimum of R5 000 per month during their practical year. At this moment, TLF is not in a position to do this.
This letter therefore serves as a request for sponsorship for Marietjie to be able to do her practical year at TLF.

Please do not hesitate to contact me with any questions.

On behalf of the management and the CEO (Wilna de Beer) of TLF,

In Christ,

Wayne Renkin, BTh, MDiv
Project Coordinator
081 789 7835
wayne@tlf.org.za

We see healthy and vibrant communities flourishing in God's presence.

Terug

Missionaliteit in die NG Kerk
Deur Lourens Bosman

1. WAAR STAAN ONS NOU?

In 2011 aanvaar die NG Kerk 'n missionale ekklesiologie as die vertrekpunt oor hoe ons oor die kerk en bediening dink. Hierdie verteenwoordig 'n baie groot en fundamentele skuif. Omdat dit 'n kultuurskuif verteenwoordig, is dit nie iets wat oornag gebeur nie.
Waar staan ons tans en hoe dink ons oor die pad vorentoe? Eerstens 'n aantal uitsette uit 'n opname wat gemaak is by 'n groep leiers in die kerk wat met die missionale roeping gemoeid is. Die navorsing is gedoen deur dr Pieter van der Walt en Ankia du Plooy.

1.1 Watter groot skuiwe het intussen reeds begin plaasvind?

1. Daar is 'n prinsipiële teologiese skuif na **'n Trinitariese teologie** met die klem op die lewende God, wat in 'n liefdesgemeenskap met God self (Vader, seun en Gees) bestaan en aktief handel in die wêreld.
2. Daar is 'n herwaardering van die **plaaslike gemeente** as die kern van kerkwees en die plek waarvan die kerk haar roeping sal uitleef. Daarmee saam is daar 'n afskaling in die siening van die belangrikheid van die verband.
3. Denke skuif oor die **roeping van die plaaslike gemeente** (ekklesiologie):

   van instandhouding, versorging, selfhandhawing en oorlewing ('n Volkskerk, die Christendom en institusionele paradigma)
   na 'n (alternatiewe) gemeenskap wat deur God versamel word met die oog op: koinonia, dissipelskap, geloofsvorming, roepingsbesef, navolging van Christus en diens aan die plaaslike gemeenskap (Koninkryksparadigma).

4. **Gemeentes word toenemend kontekstueel verstaan. Dit beteken dat een organisatoriese bloudruk en een uitdrukking van roeping nie o**ral pas nie, maar van plek tot plek mag en moet verskil. Kontekstualiteit van gemeentes behoort ook aangevul te word met 'n diversiteit van vorming.
5. Skuiwe in ampsbeskouing: Rol van die predikant skuif van amptelike, sentrale, institusionele figure na **geloofs-onderskeidende teologiese leiers** wat koinonia skep en gelowiges toerus en bemagtig. Mag word gedeel.
6. Die 2011 besluit legitimeer missionaliteit en **skep ruimte vir leiers op alle vlakke** om hulle te beywer vir missionale transformasie.
7. Opsies vir **kerkplanting** / vorming van **nuwe geloofsgemeenskappe** word ondersoek.

1.2 Wat moet nog gebeur?

2. Huidige predikante moet heropleiding ontvang sodat hulle **die vermoë ontwikkel om gelowiges te kan toerus** vir die verbeeldingryke uitleef van hul roeping.
3. Predikante moet bemagtig word om as **leiers** te funksioneer wat die gemeente inspireer en mobiliseer, nie net as pastors en leraars nie.
4. Die kerkverband moet nou skuif vanaf missionaliteit as teologiese raamwerk na **missionale praktyke, houdings en gewoontes**.
5. Alle gemeenteleiers behoort deurlopend aggressief **blootgestel te word aan werklikhede buite** hul eie veilige omgewing.
6. Gemeentes behoort volhoudend **by mekaar te leer** en saam te innoveer.
7. Ons benodig **praktiese modelle** van missionale gemeentes wat werk en volhoubaar is.

2. WAT HET DIE AFGELOPE 2 JAAR GEBEUR TOV ONS VERSTAAN VAN MISSIONALITEIT?

Ons begin verstaan dat ons gestuurdheid die hele bestaan van die kerk raak. Die skuif van 'n *missionêre* gemeente na 'n *missionale* gemeente is nie net 'n kosmetiese verandering van terme nie, maar wil iets sê van die skuif van 'n projek-gedrewe benadering (missionêr) na 'n holistiese siening (missionaal).

Die onderskeid tussen "club and missional churches" (McNeal) is 'n eufemisme: inderwaarheid is dit 'n onderskeid tussen gehoorsame en ongehoorsame kerke. God se bedoeling met die kerk is dat ons sal deelneem aan sy sending. Die kerk het nie 'n sendingroeping nie, die sending van God het 'n kerk.



Mens lees hierdie prentjie van binne na buite:

Ons werk met 'n <u>TRINITARIESE teologiese onderbou</u>. Dit is die simbool in die middel van die prentjie. Wie God as Drie-eenheid is, sê wie ons kan wees. Dit is omvattend, maar ons lê veral klem op die volgende:

- God roep ons om in diep gemeenskap met God te leef (Theosis, Christus-gelykvormigheid).
- Daar is 'n diep eenheid tussen die Vader, Seun en Gees (Perigorese).
- God stuur die Seun en Gees na die wêreld (Missio Dei).
- God word mens en bemoei Hom met hierdie wêreld (Inkarnasie).
- Jesus ontledig Homself en offer Homself vir ons en die wêreld (Kenosis).
- God regeer en vestig sy heerskappy in hierdie wêreld (Koninkryk).

I. <u>KOM IN EN WORD DEEL</u>

Ons wil 'n kerk wees waar mense inkom en deel word van God se Koninkryk. Daarom gee missionale gemeentes aandag aan:

- Radikale gasvryheid en praktyke om vreemdelinge in te trek in die geloofsgemeenskap.
- Die ontwikkeling van 'n uitnooi-kultuur. Tans het NG Kerk-lidmate het nie 'n kultuur om mense in te nooi in die gemeente en sy aktiwiteite nie.
- Nuwe maniere om die evangelie te deel.

II. <u>WORD VERANDER: HARTE, HUISE, KERKE.</u>

God los ons nooit soos ons is nie, as jy deel is van sy Koninkryk, leef jy al meer onder sy heerskappy. Daarom is die volgende belangrik:

- <u>Persoonlike geloofsvorming</u> van ons lidmate. Harte moet verander.
- Die belangrikste geloofsvorming van kinders vind plaas in <u>huishoudings</u>. Ons verantwoordelikheid is om gelowige ouers te bemagtig om hulle kinders vir die Here groot te maak. Daarom die klem op huisgeloof met huishoudings as primêre plek waar geloof gedeel en roeping uitgeleef word.
- Alles lê egter nie by die verandering van individuele gelowiges en hulle huishoudings nie. <u>Gemeentes</u> as organisasies moet ook verander in hulle manier van doen, hulle eredienste, bediening en begroting om God se kollektiewe roeping vir die kerk effektief te dien.
- As ons praat van KERKE, gaan dit ook die <u>breër kerk as instituut</u> wat so georganiseer moet wees dat dit realisering van die missionale roeping moontlik maak. Dit raak o a die kerkverband en die Kerkorde.

III. <u>MAAK 'N IMPAK</u>

Die kerk as geheel is geroep om 'n IMPAK in die wêreld te maak. Dit gebeur deur:

- Gelowiges wat dag vir dag as gestuurdes in die wêreld leef en hulle roeping uitleef.
- Effektiewe projekte waardeur die kerk 'n impak maak in die wêreld.
  Missionaliteit is deel van die kerk se volgehoue stryd teen armoede en ongeregtigheid. Ons fokus skuif al duideliker van armoedeverligting na armoede-voorkoming en opheffing. Vroeë Kindontwikkeling is 'n uitstekende manier wyse waarop die kerk betrokke kan raak.
- Diep vennootskappe met ander kerke en organisasies wat in die gemeenskap werk. Ons sal moet skuif van 'n kerk wat homself sien as een wat vanuit 'n posisie van rykdom, geleerdheid en mag kom om te gee en uit te deel, na 'n gelyke vennoot tussen ander vennote.

Die waardes van die Seisoen vir Menswaardigheid nl luister, omarm, respek en liefde gee vir ons die styl en houding waarmee die kerk na die gemeenskap gaan en vennootskappe sluit.

- Die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe. Hier dink ons baie meer organies as wat ons tevore onder kerkplanting verstaan het. Fresh Expressions help ons met 'n model vir die vestiging van nuwe geloofs-gemeenskappe rondom 'n missionale gemeente. Dit gebeur deur die betrokkenheid van lidmate in die gemeenskap.
- Volhoubare professionele dienste in die gemeenskap. Die NG Kerk se vennote in die KMDR maak 'n uiters waarde-volle bydrae in die gemeenskap deur maatskaplike dienste wat gelewer word.

3. WAT VRA DIE TRANSFORMASIE NA 'N MISSIONALE KERK VAN ONS?

1. 'n Sterk, trinitariese teologiese onderbou waarin die Missio Dei, teologie van die Koninkryk, soteriologie, en 'n holistiese trinitariese Godsbeeld helder en verstaanbaar verwoord word.
2. Die teologiese taal wat ons praat moet eenvoudig en bevatlik wees.
3. Gemeentes wat kleiner word of in 'n oorlewingstryd gewikkel is, moet gehelp word om nuwe (trinitariese) moontlikhede vir gemeentewees te ontdek. Ons moet wegkom van die idee dat missionaliteit beteken dat sterk gemeentes groot projekte loods wat baie geld en bronne vra.

Alle groottes gemeentes kan die volgende doen:

4. Baie goeie aandag aan die persoonlike geloofsvorming van ons lidmate. Dissipelskap is die basis van die missionale beweging en daarsonder is dit gedoem tot mislukking.
5. Diep vennootskappe met ander kerke en organisasies wat in die gemeenskap werk. Ons sal moet skuif van 'n kerk wat homself sien as een wat vanuit 'n posisie van rykdom, geleerdheid en mag kom om te gee en uit deel, na 'n gelyke vennoot tussen ander vennote.
6. Rus gelowiges toe om as gestuurdes in die wêreld leef.
7. Oefen in radikale gasvryheid en praktyke om vreemdelinge in te trek in die geloofsgemeenskap.
8. Ons sal moet soek na nuwe maniere om die evangelie te deel.
9. Bemagtig gelowige ouers, plaas klem op huishoudings as plek waar geloof gedeel en roeping uitgeleef word.
10. Effektiewe projekte waardeur die kerk 'n impak maak in die wêreld. Hier is dit veral van belang dat ons fokus sal skuif van armoedeverligting na armoedevoorkoming en opheffing.
11. Die plant van nuwe geloofsgemeenskappe rondom bestaande gemeentes.

Wat die breër kerk betref, is die volgende belangrik.

12. Ons moet soek na maniere om volhoubare professionele dienste in die gemeenskap te lewer.
13. Die organisatoriese transformasie van bestaande kerke en kerklike strukture om die roeping van die kerk effektief te dien.
14. Nuwe opleidingsmoontlikhede, hersiening van die Kerkorde.

Terug

Die SKDBM bring HOOP
'n Uittreksel uit die Jaarverslag

INLEIDING

Die SKDB Maatskappy (SKDBM) is 'n bestuurs- en koördinerende instansie van die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk se organisasies vir kerklike maatskaplike dienste in die gebied van die Noordelike Sinode.

Die SKDBM is geregistreer as 'n Maatskappy sonder Winsoogmerk by die Departement van Handel en Nywerheid en Maatskaplike Ontwikkeling. Die organisasie verteenwoordig 'n groot deel van die geformaliseer-de Maatskaplike Dienste van wat histories uit die NG Kerk se "Barmhartigheidsdienste" ontwikkel het.

Die primêre doel is om 'n infrastruktuur te skep vir, en waarde toe te voeg aan die werksaamhede van diensorganisasies met wie die SKDBM 'n ooreenkoms het. Die organisasies is ook 'n lid van die Algemene Sinode se Kerklike Maatskaplike Diensteraad.

DIENSLEWERING

Die georganiseerde dienste in die SKDBM-sisteem word gelewer deur die residensiële versorgings- en behandelingsdienste, asook gemeenskapsdienste. Die dienste word grootliks gedesentraliseerd bestuur en bedryf om kerklike en gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder.

Die sukses wat behaal word kan toegeskryf word aan meer as 122 toegewyde bestuurslede, 518 permanente personeel en 2,226 vrywilligers. Daarsonder sal die dienste moeilik kan voortbestaan.

As gevolg van historiese en ander faktore fokus die diensorganisasies hoofsaaklik op bejaardesorg-, kinder- en gesinsorgdienste, asook dienste ten opsigte van middel-afhanklikheid. Die nuwe staatkundige bedeling en gepaardgaande nuwe behoeftes in die gemeenskap het tot gevolg dat daar toenemend op 'n gemeenskap- en ontwikkelingsgerigte benadering gefokus moet word. Hierdie veranderinge vereis 'n nuwe verwysings-raamwerk, benadering en strategieë.

Ons bring hoop en maak 'n verskil deur –

- Versorging van Ouer Persone
  - 8 Tuistes vir 905 ouer persone
  - 3 Aftree-oorde vir 301 inwoners
  - Ouer persone in die gemeenskap: 389
- Kinderhuise
  - 3 Kinderhuise wat 443 sorgbehoewende kinders versorg
- Maatskaplike Dienste
  - Kinders beveilig: 952
  - Gesinsorgdienste: Ander individue: 25,851
  - Armoedeverligting: 3,000
  - Vroeë Kinderontwikkeling: 40
  - Groepwerk met pleegouers: 130
  - Kinderbeskermingsweek: 12,500
  - Vakansieprojekte: 800
- Spesialisdienste
  - Stabilis: 395
  - Assesserings: 47
  - Ander (Aannemings en Herkoms): 522

FINANSIERING

Die SKDBM se insette

- Fasiliteite: R231 miljoen vaste bates
- Bedryfskoste: R131,749,287
- Personeel: 518
- Vrywilligers: 122 bestuurslede en 2 226 vrywilligers

Die finansiering van maatskaplike welsynsprogramme skep groot uitdagings en die volhoubaarheid van dienste is baie onseker. Kritiese faktore is soos volg:

- Die jaarlikse daling in staatsubsidie as persentasie van standaardkoste.
- Die volgehoue afname in donasies van die publiek as gevolg van ekonomiese toestande.
- Die finansiële vermoë van gemeentes en lidmate.
- Huidige swak ekonomiese klimaat.
- Beleid en prioriteite van die owerheid.
- Dalende inkomste van ouer persone en hulle kinders/borge.

UITDAGINGS

Alles dui daarop, dat die staatsubsidie ten opsigte van alle dienste progressief verminder.
Die SKDBM en sy diensorganisasies het hom verbind om saam met die Kerk in sy verskillende verband die volgende uitdagings te ontmoet:

- Posisionering as geloofsgebaseerde organisasie wat maatskaplike welsynsdienste lewer in Suid-Afrika se huidige en toekomstige politieke bedeling.

- Om ons dienste aan te pas by die Kerk se nuwe denke en toekomstige werkswyse ten opsigte van die Missionale Transformasie en die Missionale Diakonaat.
- Bevordering van die maatskaplike funksionering van mense en gemeenskappe met spesifieke nood: armoede, sorgbehoewende kinders en gesinne, middel-afhanklikheid en bejaardes.
- Doelgerigte strategiese bestuur, met die oog op volhoubaarheid van die SKDBM en Diensorganisasies.
- Skepping van groter kapasiteit vir volhoubare dienslewering.

Terug

Oproep aan ons dameslesers

Transoranje *Instituut vir Buitengewone Onderwys*
Posbus 13383, HATFIELD 0028 – Tel: 012-362 0660 Epos: toibo@imaginet.co.za

Geagte mevrou

Die afgelope jaar het die Instituut werklik die resessie in ons land eerstehands ervaar. Nie net die finansiële skenkings was baie minder as die vorige boekjaar nie, maar ook die aantal skenkings van toileware, skryfbehoeftes, klerasie en nie-bederfbare voedsel het afgeneem.

Die hartseer egter is, dat die getal minderbevoorregte kinders in ons skole tot meer as 40% van die totale leerdertal toegeneem het. Een skool het 371 leerders waarvan 172 tans hulp ontvang. 71 is 100% kwytgeskeld van enige finansiële verpligtinge, 55 is gedeeltelik kwytgeskeld en 46 se ouers het geen inkomste nie.

Bo en behalwe **Projek Sonskyn** wat jaarliks R800 000 toeken aan die skole, bestuur ons ook kleiner projekte om ‘n verskil in kinders se lewe te maak. Dit is met hierdie kleiner projekte waarmee ons u hulp dringend nodig het.

- **Projek Skoolskoen**: 201 kinders is reeds toegerus met ‘n paar nuwe skool-skoene. Dit is egter ‘n deurlopende projek waar kinders ondersteun moet word. Wenslys: Finansiële ondersteuning.
- **Projek Volmagie**: Baie kinders kom met ‘n leë magie skool toe. Hulle kan nie konsentreer nie en die skool help deur ten minste een ete per dag te verskaf. Wenslys: Nie-bederfbare voedsel.
- **Projek Warmlyfie**: Kinders kom in die winter sonder warmklere skool toe. Wenslys: Warm truie of ‘n windjekker en handskoene kan ‘n reuse verskil maak.
- **Projek Prinses**: Ons het weer twee dogters van Sonitusskool se matriekafskeid geborg.
- **Projek Waardigheid:** Kinders se ouers kan nie bekostig om die nodige skryfbehoeftes aan te koop nie. Verder is dit ons koshuisleerders wat sukkel omdat hulle nie die nodigste toiletware het nie. Wenslys: Toiletware en skryfbehoeftes.
- **Projek Warmlyfie**: Kinders kom in die winter sonder warmklere skool toe. Wenslys: Warm truie of ‘n windjekker en handskoene kan ‘n reuse verskil maak.
- **Projek Volmagie**: Baie kinders kom met ‘n leë magie skool toe. Hulle kan nie konsentreer nie en die skool help deur ten minste een ete per dag te verskaf. Wenslys: Nie-bederfbare voedsel.
- **Projek Skoolskoen**: 201 kinders is reeds toegerus met ‘n paar nuwe skool-skoene. Dit is egter ‘n deurlopende projek waar kinders ondersteun moet word. Wenslys: Finansiële ondersteuning.
- **Projek Waardigheid:** Kinders se ouers kan nie bekostig om die nodige skryfbehoeftes aan te koop nie. Verder is dit ons koshuisleerders wat sukkel omdat hulle nie die nodigste toiletware het nie. Wenslys: Toiletware en skryfbehoeftes.
- **Projek Prinses**: Ons het weer twee dogters van Sonitusskool se matriekafskeid geborg

Solidariteit Helpende Hand het onderneem om ons te help met skooltasse, sanitêre ware asook voedsel vir die Graad R’s. Ons het ook ‘n skenking van Pep Stores ontvang waarmee ons weer ‘n klompie skoolskoene kon aankoop.

Dankie dat ons elke jaar kan vra vir u ondersteuning. Deur ons te ondersteun gee ons HOOP aan soveel minderbevoorregte kinders.

By voorbaat dankie!

Vriendelike groete

Arina Jooste
Uitvoerende beampte

Terug

Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie (Dr Henry Eagleton)

Stuur hierdie vorm aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Selnommer	

Registrasie	Fooi	**R780 (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)**
	Kursus	**Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie**
	Kursusdatum	**22 November 2018 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria (Stellastraat)** **H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof**
	Sluitingsdatum	**19 November 2018**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug